



## Villa Byvoegmiddel Wenk van die Maand

### BYVOEGMIDDELS EN ONKRUIDDODER OPNAME

Elke onkruidodder het 'n optimale opname tyd, en dit is krities belangrik dat dit nie deur ongunstige omstandighede verleng word nie. 'n Onkruidodder spuitdruppel wat as gevolg van vertraagde opname blootgestel op die blaaroppervlakte lê, word aan swak omgewingstoestande onderwerp wat die onkruidbeheer benadeel.

Hierdie omgewingstoestande sluit uiterste temperatuur, lae humiditeit, foto-afbraak, sout antagonisme en plante onder vogstremming in. Dit is belangrik dat die byvoegmiddel wat gebruik word die effek van hierdie toestande verminder, wat dan die onkruidodder sal beskerm.

Die verkeerde byvoegmiddel word egter nog dikwels onder kommersiële situasies toegedien wat die onkruidodder aan sub-optimale toestande blootstel en die hoeveelheid en spoed van opname verminder. Dit veroorsaak onaanvaarbare onkruidbeheer en 'n moontlike herbespuiting.

#### Byvoegmiddel keuse is krities

'n Onkruidodder soos kletodim behoort teen antagonistiese ione in spuitwater en foto-afbraak op die blaaroppervlak beskerm te word. Dit is daarom belangrik dat ammoniumsulfaat en 'n olie byvoegmiddel gebruik word om die opnameproses te optimaliseer.

Glifosaat behoort teen sout antagonisme en lae humiditeit beskerm te word, daarom behoort ammoniumsulfaat, 'n benatter en 'n herbenatter gebruik te word. Die byvoegmiddel aanbevelings vir hierdie twee onkruidodders is redelik verskillend, wat daarop wys dat dit belangrik is om te weet wat elke onkruidodder vir genoegsame opname benodig. Wanneer kletodim en glifosaat in 'n mengsel toegedien word, moet ammoniumsulfaat en 'n geskikte olie byvoegmiddel wat nie glifosaat benadeel nie, gebruik word. In hierdie geval neem die olie 'n deel van die herbenatter se rol oor. Een aspek wat alle onkruidodders en gewasbeskermingsprodukte (GBP) aan blootgestel kan word, is swak bedekking. Beide hierdie onkruidodders sal dus bevoordeel word indien 'n neerslaghulpmiddel gebruik word.

Hoe meer onkruidodder druppels op die blaaroppervlak behou word, hoe meer produk sal vir opname beskikbaar wees.

Maak asseblief seker dat geen byvoegmiddel wat gebruik word enige nadelige invloed op van die tenkmengsel komponente het nie.

#### Wanneer dinge skeefloop

Wanneer die verkeerde byvoegmiddels met hierdie twee onkruidodders gebruik word, stel dit hulle aan antagonistiese faktore bloot wat die onkruidbeheer verlaag. Dit is ook geldig vir ander na-opkoms onkruidodders en GBP wat met byvoegmiddels toegedien word. Agente en produsente wil dikwels so min as moontlik byvoegmiddels vir voor die handliggende redes gebruik. Ons verstaan die rede vir hierdie benadering, maar dit beteken dat die verkeerde byvoegmiddel dikwels gebruik sal word. Dink net aan die swak beheer met glifosaat indien dit met 'n antagonistiese olie byvoegmiddel toegedien word. Kletodim wat met die verkeerde byvoegmiddel toegedien word, sal teen 'n stadige tempo opgeneem word wat dit aan foto-afbraak blootstel.

#### Villa se mening

Opname met behulp van byvoegmiddels is 'n sleutelproses met onkruidodder effektiwiteit.

Wanneer genoeg druppels op die blaaroppervlak behou word, is daar net 'n deel van die effektiwiteit proses voltooi. Dit is waar byvoegmiddels 'n betekenisvolle rol in die opnameproses speel. Dit is belangrik om byvoegmiddels te kies wat opname gaan bevorder en nie benadeel nie. Hou asseblief by etiketriglyne in die verband. Hierdie beginsels is ewe belangrik vir alle GBP wat met byvoegmiddels toegedien word.

Kontak Brian de Villiers vir meer inligting oor byvoegmiddels en waterkwaliteit by 082 880 0974 of [bdevilliers@villacrop.co.za](mailto:bdevilliers@villacrop.co.za)